

VOLKSMOEDERS, SPINWIELE EN WOL: 'n HISTORIESE VERKENNING VAN DIE AARD VAN VROUEARBEID IN DIE OSSEWA-BRANDWAG

Charl Blignaut

*Vakgroep Geskiedenis en Antieke Kultuur, Skool vir Sosiale en Owerheidstudie
Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit*

Volksmoeders, spinning wheels and wool: A historical study of the nature of women's labour in the Ossewa Brandwag

The Ossewa-Brandwag (henceforth OB) was an Afrikaner Nationalist organisation, spurred on by the tide of the ideological *Zeitgeist* of the era between the two World Wars. The OB's aim was to influence all aspects of the Afrikaner social life, in order to strive towards a comprehensive republican ideal. Besides the overt political and radical characteristics of the movement, the OB also had a cultural and social side in which all members took part, including the women. Since the inception of the OB in 1939, women played an important role in this movement. Following the reorganisation of the movement in 1942, the activities of women began to revolve around social care in the form of what the OB leaders termed "volksorg" (caring for the nation). This article focuses on how women interpreted the policy of "volksorg" in terms of their labour input. Therefore the article examines in detail the spinning course organised by the OB women of the Free State as an example of "practical volksorg". The aim of practical volksorg was to empower women to "stand on their own feet" amidst a gender order in which men was accepted as the main bread winners – i.e., be independent in a way that did not disturb the gender order too much. In this sense, the author also seeks to gain a better understanding of women's labour within the OB set-up. This will be done by a brief analysis of the influence exerted by the so-called *volksmoeder* (mother of the nation) construct, which played a normative role in the gender order of the movement.

Keywords: Afrikaner Nationalism, Afrikaner women, gender, gender history, *Ossewa-Brandwag* (Oxwagon Sentinel), social care, *volksmoeder* (mother of the nation), women, women's history

Die Ossewa-Brandwag (hierna OB) was 'n Afrikanernasionalistiese organisasie, meegesleur deur die ideologiese *Zeitgeist* van die era tussen die twee Wêreldoorloë. Die OB se doel was om alle fasette van die Afrikaner se volkslewe te raak. Sodoende

wou hy op 'n omvattende manier die republikeinse ideaal nastreef. Benewens die meer politieke en radikale doelwitte van die beweging, het die OB ook 'n kulturele en maatskaplike sy gehad waarby al die lede betrokke was – ook die vroue. Van die beweging se ontstaan af in 1939 het vroue 'n belangrike rol daarin gespeel. Met die herorganisasie van die OB in 1942 is die aktiwiteite van vroue op 'n sterker maatskaplike voet geplaas in die vorm van diens waarna die OB-leierskap verwys het as “volksorg”.

Hierdie artikel fokus op hoe vroue in daardie beweging self die beleid van volksorg as vrouearbeid geïnterpreteer het, met spesifieke verwysing na die spinkursus van die Vrystaatse OB as voorbeeld van praktiese volksorg. Die doel van praktiese volksorg was om vroue “op hulle eie voete te laat staan” sonder om die ekonomiese genderorde – waarin mans die broodwinners was – te veel te versteur. Daarom beoog die outeur ook om beter begrip te skep vir vrouearbeid in die OB. Hierdie vorm van arbeid word kortliks beskou teen die agtergrond van die sogenaamde *volksmoeder*-konstruk wat 'n wesenlike normatiewe rol in die beweging se genderorde gespeel het.

Sleutelwoorde: Afrikanernasionalisme, Afrikanervroue, gender, gendergeskiedenis, maatskaplike sorg, Ossewa-Brandwag, volksmoeder, volksorg, vroue, vrouegeskiedenis

Inleiding

Die Ossewa-Brandwag (OB) was 'n massabeweging met wortels wat na die tyd van die twee Boererepublieke terugryp en deur die era tussen die twee Wêreldoorloë beïnvloed is.¹ Die OB sou uiteindelik gestig word deur die laaste stukrag van die

¹ Sien in hierdie verband A.J.H. van der Walt, *'n Volk op trek: 'n Kort geskiedenis van die ontstaan en ontwikkeling van die Ossewa-Brandwag* (Johannesburg, 1944); H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (Stellenbosch, 1953); J.F.J. van Rensburg, *Their paths crossed mine* (Cape Town, 1956); G.C. Visser, *OB: Traitors or patriots?* (Johannesburg, 1976); P.F. van der Schyff (red.), *Geskiedenis van die Ossewa-Brandwag* (Ongepubliseerde verslag, Departement Geskiedenis, NWU, 1984); J.J. Badenhorst, *Die organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag* (M.A.-verhandeling, PU vir CHO), 1985; D. Prinsloo, Dr. H.F. Verwoerd en die Ossewa-Brandwag, 1938-1952, *Kleio*, 17(1), 1985, pp. 73-85; L.M. Fourie, *Die Ossewa-Brandwag en Afrikanereenheid* (D.Litt.-tesis, PU vir CHO), 1987; J.J. Badenhorst, Vroeë organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 12(3), 1987, pp. 54-82; P. de Klerk, Afrikanerdenkers en die beginsels van die Ossewa-Brandwag, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 14(1), 1989, pp. 43-81; P. de Klerk, Die Ossewa-Brandwag se ideaal van 'n nuwe samelewingsorde in Suid-Afrika, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 14(2), 1989, pp. 90-131; P.F. van der Schyff (red.), *Die Ossewa-Brandwag: Vuurtjie in droë gras* (Potchefstroom, 1991); P.J. Furlong, *Between crown and swastika: The impact of the radical right on the Afrikaner Nationalist movement in the fascist era* (Johannesburg, 1991). Sien ook P.J. Furlong, Fascism, the Third Reich and Afrikaner nationalism: an assessment of the historiography, *South African Historical Journal* 27, 1992, pp. 113-126; C. Marx, The Ossewa-Brandwag as a mass movement, 1939-1941, *Journal of Southern African Studies* 20(2), 1994, pp. 195-219; C. Marx, 'Dear listeners in South Africa': German propaganda broadcasts to South Africa, 1940-1941, *South African Historical Journal* 27, 1992, pp. 148-172; C. Marx, *Oxwagon Sentinel: Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag* (Pretoria, 2008).

euforie wat die Eeufeesviering van die Groot Trek in 1938 veroorsaak het. Met sy verreikende en uiters ambisieuse doelwitte was die OB in wese 'n multidimensionele beweging wat 'n impak gemaak het op die lewe van ongeveer 100,000 Afrikaners.² Die beweging het langer as tien jaar bestaan, van 1939 af tot 1954. Afgesien van die duidelike Afrikanernasionalistiese en republikeinse ideale wat die OB voorgestaan het, is die beweging ook meegesleur deur die ideologiese *Zeitgeist* wat tussen die twee Wêreldoorloë geheers het. Die OB was nasionaal-sosialisties en anti-Brits ingestel. Met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het die lede hulle van die begin af openlik by Duitsland geskaar. Dit het tot die internering van duisende OB-lede gelei.³ Die OB is meer bekend vir sy politieke en radikale doelwitte, maar alle lede, insluitend die vroue, het ook aan die kulturele en maatskaplike aktiwiteite van die OB deelgeneem.

Tot heel onlangs is die geskiedenis van vroue in die OB afgeskeep in navorsing oor hierdie radikale Afrikanernasionalistiese beweging. Byna al die werke is geskryf vanuit die perspektief van die universele man,⁴ terwyl skaars 'n voetnoot aan die rol van vroue gewy is.⁵ Dit is problematies indien 'n mens in ag neem dat argiewe genoegsame bewysmateriaal het waar die historiese agentskap van vroue nie net deur die historikus verken kan word nie, maar ook lig kan werp op hoe die OB deel van Suid-Afrika se geskiedenisontwikkeling uitmaak.⁶ Vroue het destyds 'n dinamiese en uitgesproke groep gevorm wat in alle fasette van hierdie volksbeweging deelgeneem het.

Sedert die stigting van die OB op 9 Februarie 1939 was vroue wel in die beweging teenwoordig. Die administratiewe doel van die leiers was om die beweging volgens die kommandostelsel van die twee voormalige Boererepublieke te organiseer.⁷ Tydens een van die belangrikste vergaderings op 17 Julie 1939 is die besluit dus geneem dat elke kommando uit twee verskillende afdelings sal bestaan, een vir mans en een vir vroue. So is die Ossewa-Brandwag Vroue-afdeling in die lewe geroep wat

² Ossewa-Brandwag Argief, Potchefstroom (hierna OBA), H.M. van der Westhuyzen, Die Ossewa-Brandwag en die oordeel van die geskiedenis, *OB Jaarboek 1948*, pp. 85-87. In die beginstadium van die OB, Maart 1939, het 'n opposisiekoerant van die Afrikaner, die *Sunday Times*, die ledetal van die OB op 100 000 bereken. Daar is nietemin meningsverskille oor die presiese getal – dit kan nie met sekerheid vasgestel word nie.

³ Sien H.G. Stoker (red.), *Agter tralies en doringdraad* (1953).

⁴ Hierdie konsep kom daarop neer dat die agentskap van mans as vanselfsprekend aanvaar en vroue bloot 'n verwysing in die indeks van 'n geskiedenisboek word.

⁵ Vir 'n beoordeling van die historiografie, sien C. Blignaut, Volksmoeders in die kollig: 'n Histories-teoretiese verkenning van die rol van vroue in die Ossewa-Brandwag, 1938 tot 1954 (M.A.-verhandeling, NWU, 2012), pp. 5-10.

⁶ Hier word verwys na die Ossewa-Brandwag Argief, gehuisves in die Ferdinand Postma Biblioteek op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

⁷ J.J. Badenhorst, Organisasiestruktuur van die Ossewa-Brandwag, in P.F. van der Schyff, *Die OB: Vuurjtjie in droë gras*, 1991, p. 173.

vroue se plek in die beweging verseker het.⁸ Hierdie artikel fokus hoofsaaklik op die aard van vroue se werksaamhede in die OB van 1942 af, ná die herorganisering van die beweging.⁹

Die leiers van die OB het die beweging as “die gedissiplineerde Afrikanerdom” beskou. Daarom is veral aandag aan die OB se administratiewe grondslag gegee. Dit was belangrik om die beheer en administrasie van die organisasie op sterker voet te plaas en om met wêreldgebeure tred te hou. Gevolglik het die hoogste gesag van die OB, die Grootraad, in 1942 besluit om die administrasie te herorganiseer. In ’n omsendbrief wat die implikasies van sodanige herorganisering ook vir die Vroue-afdeling uiteensit, is te midde van die administratiewe inligting, ’n duidelike klem op die spesifieke taak van die vrou geplaas. Hierdie taak is saamgevat in die konsep “volksorg.”¹⁰

Die OB se Vroue-Adjunkraad (VAR) het reeds sedert 1939 bestaan en was die hoogste gesag van vroue wat op die Grootraad sitting gehad het. Ná die herorganisering is die afdeling Sosiale Volksorg van die OB gestig. Dit is gedoen met die oog op die koördinerende van maatskaplike werk wat die verantwoordelikheid van die VAR was.¹¹ Die afdeling het die OB se doel ondersteun om die samelewing te hervorm en het drie grondgedagtes van die beweging beliggaam, naamlik “a) die sosiale gedagte, b) die nasionale gedagte, c) die Brandwag-gedagte (versorging van volksgete).” G. Cronjé, hoof van die afdeling Sosiale Volksorg, het verklaar: “Die algehele herskepping van die huidige kapitalisties-liberalistiese samelewing tot ’n nasionale volksgemeenskap kan alleen bewerkstellig word wanneer hierdie drie gedagtes in hul juiste samehang praktiese verwerkliking vind.”¹²

In ’n omsendbrief wat die implikasies van herorganisering – ook vir die Vroue-afdeling – uiteensit, is onomwonde klem geplaas op die vroue se spesifieke volksorg-taak. Sedert die herorganisering is byna nooit weer na die taak van die vrou verwys sonder om “volksorg” te noem nie. In ’n voorstel wat oor hierdie taak handel, kom die beklemtoning van “volksorg” sterk na vore:

⁸ OBA, Grootraad-versameling (vers.), B/L 1/2, lêer 11: Notule van vergadering, 17.07.1939.

⁹ Die aard van vroue se aktiwiteite het nie soseer verander nie, as wat ’n klemverskuiwing plaasgevind het. Vir ’n uiteensetting van werksaamhede vóór 1942, sien C. Blignaut, *Volksmoeders in die kollig*, 2012, pp. 167-205.

¹⁰ “Volksorg” verwys na die OB se beleid oor die maatskaplike sorg van spesifiek die Afrikaner. Die doel daarvan was om weg te beweeg van die (Britse) vorm van “liefdadigheid” en om lede van die *volk* te bemagtig om hulleself op te hef om ’n sleutelposisie in die ekonomiese lewe van die Afrikaner te beklee. Met die internering van mans wat meestal broodwinners was, is hierdie beleid as noodsaaklik beskou om die ekonomiese lewensvatbaarheid van gesinne te waarborg. Daarom is sterk gefokus op vroue wat die pot aan die kook moes hou.

¹¹ C. Marx, *Oxwagon Sentinel. Radical Afrikaner nationalism and the history of the Ossewa-Brandwag*, 2008, p. 461.

¹² OBA, Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 4: Afdeling Sosiale Volksorg.

1. Die vrouevertakking van die OB het 'n tweeledige taak:
 - (a) om as hulpafdeling van die manne-afdeling te dien; en
 - (b) om 'n georganiseerde beweging vir vrouevolksorg te wees [sic].¹³

Dit is duidelik dat die maatskaplike rol van die vrou in die OB ná 1943 sterker benadruk is. Die VAR sou voorts nie net verantwoordelik wees vir fondsinsamelings en die noodhulpfonds¹⁴ nie, maar ook 'n duidelik omskrewe taak hê om die OB se maatskaplike (sosiale) beleid uit te voer.¹⁵ Dit het aanvanklik neergekom op die koördinering van die Vroue-afdeling se praktiese werkprogramme met die algemene sosiale beleid van die OB.¹⁶ In 1945 is 'n voorstel ingedien dat Volksorg op stewiger voet geplaas moet word deurdat “die hele beweging deursuur moet word van die volksorg-idee en die volksorgbeleid van die OB.”¹⁷ Hierdie voorstel het daartoe gelei dat die Vroue-afdeling van toe af as die Ossewa Brandwag Vroue Volksorg-vertakking bekend sou staan.

Op grond van die “tweeledige taak” van die vrou ná herorganisering van die OB, is die vroue-afdeling in twee hoofafdelings verdeel. Die afdeling “Vrouevolksake” sit die spesifieke take uiteen wat die vrou binne die *volksbeweging*, naamlik die OB, uitvoer. Die ander afdeling het as “Hulpdienste” bekend gestaan, wat weer die werksaamhede beskryf het wat *aanvullend* tot dié van die mansafdeling was. Die taak van die Vroue Volksorg Vertakking was onder hierdie twee hoofde saamgevat:

“Die Hulpdienste het veral die volgende behels:

- (a) funksies, feeste, laertrekkings, ens;
- (b) veldhulp (mediese noodhulp);
- (c) volkspolitiese vorming (die opvoeding van die huisgesin in die ideologie, kultuur, lewensbeskouing, ens. van die volk).

Die Vrouevolksake het veral op die volgende take gefokus:

- (a) volksorg;
- (b) Jeugbeweging (d.w.s. die dogters);
- (c) noodhulp;
- (d) Arbeidsdiens van die vrou [sic].”¹⁸

Die bogenoemde “Brandwag-gedagte” sou veral in die “arbeidsdiens van die vrou” neerslag vind. Dit behels die idee dat 'n mens vir jou volksgenoot moet “brandwag

¹³ OBA, P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: OB-Vrouevolksorg: Voorstel van prof. G. Cronjé.

¹⁴ Vir meer besonderhede oor die OB se sosiale beleid, sien C. Blignaut, *Volksmoeders in die kollig*, 2012, pp. 272-285.

¹⁵ OBA, Grootraad-vers., B/L 1/4, omslag 36: Maatskaplike vraagstukke: Gesinsbeleid.

¹⁶ OBA, J.S. de Vos-vers., B/L 1/5, omslag 3: Verhouding tussen die afdeling Sosiale Volksorg en die Vrouevertakking van die OB.

¹⁷ OBA, Grootraad-vers., B/L 1/2, omslag 12: Sitting van die Grootraad, 1945: Sosiale Volksorg.

¹⁸ OBA, Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

staan” – moet instaan – in sy tyd van nood. Dit was vir die OB ’n belangrike kwessie ná die herorganisering, aangesien ’n groot aantal broodwinners as politieke gevangenes opgesluit of in interneringskampe aangehou is.¹⁹ Daarmee saam het die verstedeliking van die Afrikaner tot verdere vrese gelei, byvoorbeeld dat Afrikanerwerkers van hulle volksgenote “vervreem” kon raak as gevolg van die blootstelling aan die stedelike lewe. Voorts het die *maatskaplike* rol van die OB sterker op die voorgrond getree namate sy *politieke* rol begin afneem het. Teen 1944 het dit duidelik begin word dat Duitsland nie as oorwinnaar uit die Tweede Wêreldoorlog sou tree nie. Hierdie besef was ’n nederlaag vir die OB se politieke ideologie van nasionaal-sosialisme. Die waarskynlikheid dat die OB die land sou kon oorneem, het al geringer geraak. Die klemverskuiwing na volksorg is dus ook deur hierdie historiese faktore beïnvloed. Dit het daartoe bygedra dat die vrou se werksaamhede in die OB toenemend belangriker geword het, maar ook ’n nuwe aard aangeneem het. Daarby sou die vroue se arbeid binne hierdie beweging al sterker aan hulle volksorgtaak gebonde word.

Die doel van hierdie artikel is tweërlei. Aan die een kant word ’n historiese studie gedoen van die aard van dié “vrouearbeid” in die OB binne die geledere van die Vroue Volksorg Vertakking. Daar word veral verwys na die Vrystaatse OB-spinkursus as voorbeeld van praktiese volksorg. Aan die ander kant beoog die outeur om ook ’n beter begrip van vroue-arbeid binne die OB te skep, deur hierdie arbeid teen die agtergrond van die *volksmoeder*-konstruk te beskou. Soos reeds daarop gewys, het hierdie konstruk ’n normatiewe rol in die genderorde van die beweging gespeel.

Hierdie artikel behels hoofsaaklik ’n historiese studie; tog is ’n evaluerende blik nodig wanneer tydgenote se begrip van geslagsverskil onder die vergrootglas geplaas word. Daarom word die artikel in twee afdelings verdeel: eerstens die historiese beskrywing van vrouearbeid, gevolg deur ’n evaluerende gevolgtrekking wat gender as kategorie van historiese analise inspan. In die verband is die werk van J.W. Scott veral van besondere belang. Haar konseptualisering van gender in geskiedenis word as basis gebruik vir die kritiese evaluering van vrouearbeid binne die OB. Dit sluit in die sosiaal-konstruksionistiese gebruik van genderteorie in geskiedenis met die fokus op die *volksmoeder*. Dié konsep pas waterdig binne Scott se definisie van gender. Hierdie artikel erken die bruikbaarheid van gender (en dus sosiaal-konstruksionisme teenoor biologiese essensialisme)²⁰ as kategorie van historiese analise. Dus word die onderstaande definisie gebruik wanneer die *volksmoeder* ter sprake is:

¹⁹ Met genl. Smuts se oornam van die regering ná 1939 kon onder die noodmaatreëls van oorlog enige persoon wat as ’n bedreiging vir die regering gesien is, geïnterneer word. Vanweë die OB se pro-Duitse en anti-Britse houding, is duisende OB-lede as politieke gevangenes opgesluit en op plekke soos Koffiefontein en Ganspan geïnterneer. Die sabotasiedade van die Stormjaers het die staatsvuis uiteraard nog harder op die OB afgebring.

²⁰ Biologiese essensialisme kom in dié geval daarop neer dat ’n vrou se lot deur haar biologiese samestelling bepaal word. Só word sosiale betekenisse aan biologie toegeken wat as ’n soort absolute

*The core of the definition rests on an integral connection between two propositions: gender is a constitutive element of social relationships based on perceived differences between the sexes, and gender is a primary way of signifying relationships of power.*²¹

Scott se definisie stel die historikus in staat om vas te stel in watter mate vroue in hulle sosiale verhoudinge deur die volksmoeder-konsept beïnvloed is, wat op die waarneming van geslagsverskille gegrond was. Joan Wallach Scott se buitengewone bydrae tot gendergeskiedenis moet hier in aanmerking geneem word.²² Haar bydrae tot historici se gebruik van die gender-kategorie is vandag steeds relevant.²³ Die toepaslikheid wat sodanige kategorie vir hierdie artikel inhou, is ook duidelik. Die patriargie, as sosiale lewensorde in die OB, het vroue ideologies verhoed om beroepsarbeid te verrig, aangesien dit as die manlike domein beskou is. Tog, hoewel die man as broodwinner aangewys is, het vroue steeds gearbei. Hierdie arbeid was andersoortig deurdat dit nie 'n bedreiging vir die patriargale ekonomiese stelsel ingehou het nie. Dit het teweens as't ware juis tot die sosiale lewensorde in die OB bygedra – en dit sonder vergoeding. Die *volksmoeder* was hoofsaaklik verantwoordelik vir die inkorporering

geld. Sosiaal-konstruksionisme daarenteen, dui daarop dat biologie 'n diskursiewe konstruksie is en nie voldoende is om sosiale betekenisse daarvan te kan aflei wat gedrag en agentskap reguleer nie.

²¹ J.W. Scott, *Gender and the politics of history* (New York, 1988), p. 42.

²² Scott is ongetwyfeld een van die belangrikste figure in gendergeskiedenis. Haar vernaamste werke oor gender- en vrouesgeskiedenis sluit die volgende in: J.W. Scott & L. Tilly, *Women, work and family* (New York, 1978); ook vertaal in Italiaans (1981), Frans (1987) en Koreaans (2008); J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, (1988). Die gewysigde weergawe het in 1999 verskyn. Die boek is ook in Japannees (1992) en Spaans vertaal (2008); J.W. Scott, Politics and the profession: Women historians in the 1980s, *Women's Studies Quarterly* 9(3), 1981; J.W. Scott, The mechanization of women's work, *Scientific American* 247(3), September 1982, pp. 166-87; J.W. Scott, Women's history: The modern period, *Past and Present* 101, November, 1983, pp. 141-157; J.W. Scott, Gender: A useful category of historical analysis, *American Historical Review* 91(5), December 1986, pp. 1053-75. (Hierdie artikel is ook in Frans, Italiaans, Spaans, Portugees, Bulgaars, Esties en Pools vertaal); On language, gender, and working class history, *International labor and working class history* 31, Spring, 1987, pp. 1-13 & Reply to critics of this piece, 32, Fall, 1987, pp. 39-45 (ook in Spaans en Sweeds vertaal); J.W. Scott, Rewriting history, in M. Higonnet, et al. (eds.), *Behind the lines: Gender and the two world wars* (Yale, 1987), pp. 19-30; J.W. Scott, History and difference, *Daedalus*, Fall, 1987, pp. 93-118; J.W. Scott, Deconstructing equality versus difference, or, Theuses of post structuralist theory for feminism, *Feminist Studies*, Spring 1988, pp. 33-50; J.W. Scott, The problem of invisibility, in S. Jay Kleinberg (ed.), *Retrieving women's history: Changing perceptions of the role of women in politics and society* (London & Paris, 1988), pp. 5-29; J.W. Scott, History in crisis? The others' side of the story, *American Historical Review* 94, June 1989, pp. 680-692; Women's history, in P. Burke, (ed.), *New perspectives on historical writing* (London, 1991), pp. 42-66; Some reflections on gender and politics, in M. Marx, J. Lorber, & B. Hess, (eds), *Revisioning gender*, (London, 1999), pp. 70-96; J.W. Scott, Unanswered questions, bydrae tot AHR Forum, Revisiting 'Gender: A useful category of historical analysis', *American Historical Review* 113(5), Dec., 2008, pp. 1422-1430.

²³ J.W. Scott, "Gender: Still a useful category of analysis? *Diogenes* 57(225), Feb, 2010; J.W. Scott, *The fantasy of feminist history* (Durham & London, 2011).

van vroue binne hierdie politiek-kulturele lewensorde. Hierdie inkorporering word later in meer besonderhede bespreek. In die eerste plek is dit nodig om te verstaan wat presies met die “arbeidsdiens van die vrou” bedoel is, om sodoende vas te stel hoe hierdie diens prakties neerslag gevind het. Daarna volg die historiese beskrywing van die Vrystaatse spinkursus.

Die arbeidsdiens van die vrou: Doelwitte en werksaamhede van die Vroue Volksorg Vertakking (VAR)

Tydens die eerste konstituerende vergadering van die VAR is verwys na die “arbeidsdiens van die vrou”, wat direk gevolg het op ’n bespreking van vroue se rol in die Noodhulpfonds. Hier is die klem van fondsinsameling verskuif om “versorging” te benadruk: “Die Noodhulp is nie net geldelike hulpverlening aan geïnterneerdes, gevangenes, ens. nie. Dit vereis ook die maatskaplike en geestelike versorging van daardie huisgesinne en dit moet noodwendig aan die vrou van die volksbeweging toevertrou word.” Vrouearbeid is direk gekoppel aan die vrou se taak om versorging te verskaf, deurdat alles wat die vrou voortaan in die OB sou doen, op die “versorging van volksgenote” gemik sou wees:

Die Arbeidsdiens van die vrou (d.w.s. veral handwerk van die vrou binne die dienslaerverband) sal veral daarop neerkom dat goedere met die hand gemaak word vir die Noodhulpfonds, vir O.B.-dag,²⁴ die huisgesinne van geïnterneerdes en die geïnterneerdes en gevangenes self en vir huislike gebruik. Hierdie afdeling hoort vanself by die Vrouevertakking tuis.²⁵

Uit die aanhalings hier bo is dit duidelik dat ’n vasgestelde idee oor vrouearbeid in die geleedere van die OB gevestig was. Daar is gemeld dat noodhulp²⁶ “noodwendig” aan die vrou toevertrou moet word en die soort arbeid wat gemik was op maatskaplike versorging “hoort vanself” by die Vroue-afdeling. Aan die vrou is dus die taak van versorging toegeken, wat ooreenstem met die idees van biologiese essensialisme, waarop gender in die OB gebou is. Volgens die amptelike OB-beleid was beroepsarbeid vir die vrou taboe, maar dit het nie beteken dat die vrou nie werk mag lewer nie. Vroue se werksaamheid in die OB het dus indringend aandag in die amptelike beleid geniet,

²⁴ Die Noodhulpfonds was ’n inisiatief van die OB, gemik op die versorging van geïnterneerdes se gesinne. Fondsinsameling vir die “noodhulp” was een van die hoofaktiwiteite van OB-vroue. Ewe belangrik was OB-dag op 8 Augustus. Elke jaar was dit die belangrikste fondsinsamelingsdag van die OB en het ook die “geboortedag” van die OB herdenk.

²⁵ OBA, Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Vroue-adjunkraad en Vrouevertakking: Verklaring en besluite, 30.06-02.07.1943.

²⁶ Wanneer die dokumente na die “noodhulp” verwys, dui dit op die Noodhulpfonds en die maatskaplike versorging van geïnterneerdes se gesinne.

omdat dit aan sekere vereistes moes voldoen om ooreen te stem met die gekonstrueerde beeld van “egte vroulikheid”. In die lig hiervan is die praktiese uitvoering van die volksorgbeleid, oftewel die tweede deel van die vrou se “tweeledige taak”, teen die agtergrond van Sosiale Volksorg as “Arbeidsdiens” aangedui.²⁷

Die doelwitte van vroue se arbeidsdiens is in breë trekke prakties verwoord. Vroue sou in groepe (of spanne) sekere vaardighede moes aanleer “in verband met huishoudelike dinge wat met die hand gedoen of gemaak word.” Die vroue moes hierdeur in staat gestel word “om beter vir hulle huishoudelike taak opgewasse te wees,” sodat hulle deur arbeidsdiens “belangrike nasionaal-sosiale opvoedingswerk” kon doen.²⁸ Voorts moes die “versorging” in arbeidsdiens hoegenaamd nie “liefdadigheid” behels nie, aangesien arbeidsdiens “[daartoe] moet bydra om die klasseonderskeidings (of -verskille) wat binne die volksgemeenskap bestaan, bv. tussen ‘arbeiders’ en ‘intellektueles’ of ‘armes’ en ‘rykes’, te oorbrug en die nasionale saamhorigheidsgevoel in en deur die arbeid versterk.”²⁹ Elke OB-vrouelid, ongeag haar agtergrond, moes aan arbeidsdiens deelneem.³⁰

Teen die agtergrond van die vernietiging van klasseonderskeid in Afrikanergeledere, is arbeidsdiens gekoppel aan wat Cronjé noem “sosiale hoederskap.” Hierdie vorm van diens beteken “volksgenote [is] mekaar se wagers”, wat veronderstel dat die Afrikaners, as organiese volkseenheid, oor mekaar se welstand moes waak (“brandwag staan”). Prakties moes hierdie wagerskap in spesifieke vorme van arbeid uiting vind.³¹ Die meeste OB-vroue het nie beroepsarbeid beoefen nie. Gevolglik het hulle meer tyd as mans gehad om arbeidsdiens te verrig – wat die praktiese uitvoer van die volksorggedagte behels het. Die aard van vroue se werksaamhede in die Vroue Volksorg Vertakking moes dan nou ook met hierdie idee van “sosiale hoederskap” ooreenstem. Die amptelike verduideliking wat hierdie werksaamhede behels, sou dus ’n beduidende invloed hê op die uiteindelijke aktiwiteite wat vroue sou beplan en aanpak.³²

Afgesien van die klemverskuiwing na die geestelike versorging van die volk, is die toenemende klem op opvoeding ook opvallend. Vroue se arbeidsdiens en volksorgwerksaamhede sou dus hoofsaaklik gefokus wees op *voorligting*, *opvoeding* en *onderrig* in groepverband binne die verskillende OB-vrouekommando’s. Die

²⁷ OBA, Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

²⁸ OBA, Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

²⁹ OBA, *Die OB*, 25.02.1948.

³⁰ OBA, *Die OB*, 10.12.1941.

³¹ OBA, Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

³² Sien in hierdie verband OBA. Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

vraag is waarom opvoeding benadruk is. Dit stem ooreen met die gedagte dat die OB nie liefdadigheid wou verrig nie. Diegene wat stoflike en geestelike hulp nodig gehad het, moes deur opvoeding en arbeidsdiens *opgehef* word, sodat hulle weer op hulle eie voete kon staan. Die doel was dus om toe te sien dat mense nie voortdurend afhanklik bly van toelaes en stoflike hulp nie, maar dat hulle uiteindelik bygestaan word om *self* na hulle behoeftes om te sien – vandaar die klem op *opvoeding* wat daartoe moes bydra.³³ Binne die geledere van die OB was hierdie onderrig nie net op huisvroue gerig wie se mans opgesluit was nie. Elke OB-vrou moes baat by die “geestelike opbou” deur volksorg.³⁴ Die kuns was om arbeid te beoefen wat geensins die vorm van ’n *beroep* aanneem nie, maar wat ooreenstem met die vrou se “hoogste roeping”, naamlik moederskap, en dus sou inpas by die idee van “egte vroulikheid.” Die aard van werksaamhede wat op opvoeding gerig was, moes dus ooreenstem met die OB se gekonstrueerde beeld van die vrou (as sosiale konstruk).

Vroue het byvoorbeeld ingespring om verskeie werkklasse te reël om behoeftiges te help *arbei*, in plaas daarvan om net te ontvang. Die gedagte was: Wanneer ’n kommando ’n werkklas aanbied, lewer ’n vrou “dienste” vir die hulp wat sy van die OB ontvang. So is byvoorbeeld materiaal bymekaargemaak sodat vroue een keer per week bymekaar kon kom. Onder toesig van die offisiere het hulle klere vir hulleself en hulle kinders gemaak. Hierdie geleentheid is ’n “werkklas” genoem, omdat die offisiere vir die vroue sekere tegnieke sou aanleer oor “hoe om die kledingstukke netjies te maak, en om elke stukkie te gebruik.”

’n Ander manier was om vroue te vergoed vir die klere wat hulle gemaak het en die klaargemaakte kledingstukke aan die einde van die maand teen ’n baie lae prys weer aan die vroue self te verkoop. Aangesien volksorg nie winsgewend mag gewees het nie, is daardie “inkomste”gebruik om nog materiaal vir verdere werkklasse aan te koop; vroue kon ook “uitbetaal” word in die vorm van materiaal.³⁵ Tydens ander werkklasse, byeenkomste en die sogenaamde “huisvlytgroepe”, is demonstrasies gehou van die vervaardiging van rommelartikels en ander “spaarsaamheidsartikels.” Verskeie voorligtingstukke is onder vroue versprei wat die doeltreffende verrigting van huishoudelike take behandel het.³⁶

In ’n artikel in *Die OB* van 8 Augustus 1945, het “generale”³⁷ C. Meyer van die Vrystaat verslag gedoen oor die “nuwe gees wat binne die Volksbeweging heers” vandat

³³ OBA, Cronje, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Volksopvoeding.

³⁴ OBA, Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

³⁵ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 5: Notule van VAR-vergadering, 17.10.1942.

³⁶ Sien in hierdie verband OBA, Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Voorligting vir huisvrouens en OBA, G. Tomlinson-vers., B/L 1/5, omslag 5: Spaarsaamheidsartikels.

³⁷ Volgens die kommandostelsel van die OB is na die hoofvroue van gebiede as “generale” verwys. Hierdie artikel verwys na die tydgenote soos die gebruik destyds in die OB was.

vroue hulle met volksorg begin besig hou het. Uit haar beskrywing van die “toegewyde arbeid” en “stille werk” van die vrou, blyk duidelik dat daar in die volksorgtaak van die vrou hoofsaaklik praktiese aandag gegee is aan twee hoofstroomaktiwiteite.³⁸ Aan die een kant was daar die praktiese werkklasse, voorligting en opvoeding. Hierdie opleiding was daarop gerig om die vrou in staat te stel om as ’n soort “finansieel onafhanklike huisvrou” te funksioneer, wat na haarself en haar kinders moes omsien, terwyl haar man nie kon nie. Aan die ander kant was daar die vroue se versorgingstaak as deel van die Noodhulpfonds.

In die tydperk 1943 tot 1952 het veral een praktiese werkklas bo al die ander uitgetoring as voorbeeld van die wesenwoord van die Vrouevertakking se werksaamhede ná die herorganisering in die OB. Hierdie werkklas en die klasse wat daarop gevolg het, het die vereistes ondervang wat volksorg vir die arbeidsdiens van die vrou gestel het. Daarby het dit tegelyk gedui op vroue se keuse van arbeid wat vandag vir historici ’n evaluerende blik gee op die vroue se eie konstruksie van gender destyds. Volgens OB-beleid is arbeid streng gesien in terme van die verskille tussen man en vrou. Gevolglik moes vroue hulle praktiese werksaamhede só kies dat dit binne die geleedere van die OB sou ooreenstem met die vrou se “hoogste roeping” as moeder. Daar was ’n aktiwiteit wat historici by uitstek ’n blik gee op destydse vroue se konstruksie van hulle eie identiteit en die persepsie van hulle eie agentskap as volksorg. Dit was die onderneming van die sogenaamde “spinkursus” en die “spin van wol.”

Die vrou moes op haar eie voete kon staan deur met haar eie voete te spin: Die spin van wol as voorbeeld van praktiese volksorg

Ná die herorganisering van die OB is die eerste omsendbriewe uitgestuur wat vrouekommando’s landswyd van hulle volksorgtaak bewus gemaak het. Net daarna het die VAR van die Vrystaat (Gebied C) besluit om aandag te gee aan die maatskaplike probleme van hulle gebied deur ’n onderneming aan te pak wat OB-vroue bemaagtig om hulle deel in vrouevolksake te verrig. Tydens die vergadering van 12 Maart 1943 het generale C. Meyer die vroue ingelig dat sy van mening is dat ’n vrouekamp in daardie stadium nie die gewenste aktiwiteit sou wees nie. Sy het voorgestel dat ’n spinkursus meer praktiese nut vir die vroue van die Vrystaat en van Suid-Afrika sou inhou.³⁹ Lank voor die ontstaan van die OB het die Britse maatskaplike versorger Emily Hobhouse haar reeds daarvoor beywer om tuisnywerhede in die Vrystaat te vestig met die spin van wol as sentrale aktiwiteit. Hobhouse wou toesien dat die gesinskarakter van die Afrikaner ná die Suid-Afrikaanse Oorlog (Tweede Anglo-

³⁸ OBA, *Die OB*, 08.08.1945.

³⁹ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

Boereoorlog, 1899-1902) behoue bly. Le Roux haal haar aan: “And that is the idea of cottage-industries, occupations suitable to the home, where they can be woven in with the ordinary routine work of a farm and by which a little money can be added to the family purse.”⁴⁰ Dit was by uitstek ook die doelstellings van generale Meyer.

Die praktiese nut van hierdie spinkursus is hoofsaaklik teweeggebring deur die oorlogsomstandighede wat veroorsaak het dat Suid-Afrika ’n landwyse skaarsste aan breiwool ondervind het. Dit het praktiese werkklassse op plaaslike vlak belemmer, aangesien die skaarsste aan wol vroue verhoed het om sekere kledingstukke te maak waarvan breiwool die belangrikste element was. Daarom het generale Meyer besluit dat elke vrouekommando in die Vrystaat “aandag sal gee aan die spin van wol.”⁴¹ Die spinkursus sou ’n praktiese uitvoering wees van die doelwitte van arbeidsdiens as deel van volksorg. So ’n kursus sou terselfdertyd voldoen aan die vereistes van die versorgings- en opvoedingstaak van volksorg. Dit beteken vroue kon geleer word hoe om *self* in ’n behoefte te voorsien *en* hulle kon die wol aanwend vir praktiese werkklassse as deel van die Noodhulpfonds, of vir vroue se eie naaldwerkbehoefes.

Die spinkursus is van 11 tot 19 Mei 1943 in Bloemfontein aangebied. Die spinklasse, demonstrasies, toesprake en die meeste van die aktiwiteite is in die Bloemfonteinse stadsaal gehou.⁴² Alle VAR-lede van die Vrystaat moes die kursus bywoon en ook hulle eie spinwiele aanskaf.⁴³ Daar is van elke vrouekommando in die Vrystaat verwag om minstens die kommandante van die kommando na die kursus te stuur. Elkeen kon dan weer na haar kommandantskap terugkeer om die vroue op plaaslike vlak te leer hoe om wol te spin.⁴⁴ Die kursus was nie net beperk tot bywoning deur die kommandantes nie. Enige OB-vrouelid kon die kursus bywoon, mits sy haar eie onkoste dra en haar eie spinwiel en twee wolkamme saambring.⁴⁵

Die OB self het onderneem om vir die verblyf van een afgevaardigde van elke kommando te betaal. Die doel was dat vroue van oor die Vrystaat kon deel in die kursus wanneer die betrokke afgevaardigde na haar kommando terugkeer.⁴⁶ Dit wil voorkom of verskeie vroue reeds ’n spinwiel besit het, maar die meerderheid wat die kursus sou bywoon, het spinwiele by die OB-hoofkwartier teen £4 elk bestel en twee wolkamme elk teen 12/6.⁴⁷ Elke kommando was verplig om by die kursus

⁴⁰ C.J.P. le Roux, “Emily Hobhouse en die vestiging van tuisnywerhede in die Vrystaat” http://www.karoo crafts.com/Emily_Hobhouse_en_die_Vestiging_van_Tuisnywerhede_in_die_Vrystaat.pdf. Datum van gebruik: 08.11.2013.

⁴¹ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7, Omsendbrief, 16.03.1943.

⁴² OBA, *Die OB*, 07.04.1943.

⁴³ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

⁴⁴ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

⁴⁵ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

⁴⁶ OBA, Gebied C-vers., B/L 6/5, omslag 27: Bevel 4/43, 05.05.1943.

⁴⁷ OBA, *Die OB*, 07.04.1943.

verteenwoordig te wees. Indien geld 'n probleem was, is voorgestel dat daardie vroue 'n klein funksie reël om die geld in te samel.⁴⁸ Dit blyk nogtans of vroue nie finansiëel 'n probleem ervaar het nie. Die kursus is destyds dwarsdeur die Vrystaat en landwyd met groot entoesiasme begroet. Vanweë die groot belangstelling moes generale Meyer verskeie aansoeke van die hand wys en elkeen van die ander provinsies is ook deur vier vroue-afgevaardigdes verteenwoordig.⁴⁹

Die spinkursus is hoofsaaklik op inisiatief van generale Meyer gereël. Sy het 'n skema uitgewerk vir die spinkursus wat as 'n egte OB-geleentheid aangebied sou word.⁵⁰ Die kursus het dus die karakter van 'n OB-saamtrek aangeneem in dié sin dat vroue tydens sekere dae van die kursus hulle wit rokke moes dra, musiek moes maak, volksliedjies sing en demonstrasies bywoon oor die vervaardiging van rommelartikels. Daar is selfs 'n kranslegging by die Vrouemonument gereël. Die organiseerders het ook beplan om vrouekommando's die geleentheid te gee om hulle eie spaarsaamheidsartikels by die kursus uit te stal vir alle OB-vroue om te sien en só by mekaar te leer. Daarbenewens het die kommandant-generaal (KG), dr. J.F.J. van Rensburg, die vroue ook gedurende die kursus toegesprek.⁵¹ Tydens die kursus is wol gratis verskaf. Om die kursus volhoubaar te maak, is 'n afsetgebied verkry waar die vrouekommando's die wol kon verkoop wat hulle na afloop van die spinkursus in hulle onderskeie kommandantskappe vervaardig het. Die doel was om op hierdie manier weer geld vir die Noodhulpfonds en Fondsdag in te samel.⁵² Die program wat generale Meyer vir die kursus saamgestel het, weerspieël die samevoeging van die vrou se "tweeledige taak:"

⁴⁸ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

⁴⁹ OBA, *Die OB*, 26.05.1943.

⁵⁰ OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943.

⁵¹ OBA, *Die OB*, 07.04.1943.

⁵² OBA, *Die OB*, 07.04.1943.

PROGRAM.			
<u>Dinsdag 11 Mei:</u>	8	uur n.m.	Opening.
<u>Woensdag 12 Mei:</u>	8.30	v.m.	Oggendgodsdien.
	2	v.m.	Spinklas.
	8	n.m.	" "
	8	n.m.	Sang. Toespraak Genl. Mevr. C.Meyer.
<u>Donderdag 13 Mei:</u>	8.30	v.m.	Oggendgodsdien.
	9	v.m.	Spinklas.
	2	n.m.	" "
	8	n.m.	Lesing deur 'n dokter.
<u>Vrydag 14 Mei:</u>	8.30	v.m.	Oggendgodsdien.
	9	v.m.	Spinklas.
	2	n.m.	" "
	8	n.m.	Demonstrasie oor die gebruik van rommelartikels.
<u>Saterdag 15 Mei:</u>	8 n	n.m.	Kranslegging Vrouemonument.
	8 n	n.m.	Gesellige byeenkoms. Toespraak deur K.G. Dr. J.F.J.v.Rensburg.
<u>Maandag 17 Mei:</u>	8.30	v.m.	Oggendgodsdien.
	9	v.m.	Spinklas.
	2	n.m.	" "
	8	n.m.	Lesing oor die verzuiming van hoede.
<u>Dinsdag 18 Mei:</u>	8.30	v.m.	Oggendgodsdien.
	9	v.m.	Spinklas.
	2	n.m.	" "
	8	n.m.	Vertoning van O.B. Rolprente.
<u>Woensdag 19 Mei:</u>	8.30	v.m.	Oggendgodsdien.
	9	v.m.	Spinklas.
	2	n.m.	Spinklas en afsluiting.

Figuur 1: Program van spinkursus 11 tot 19 Mei 1943 in Bloemfontein

(OBA, Vrystaatse beheerraad-vers., B/L 6/2/7, omslag 7:

Omsendbrief, 16.03.1943)

Die program was by uitstek 'n voorbeeld van vroue se eie reaksie op die doelwitte wat die afdeling Sosiale Volksorg daargestel het. Die take het geensins die karakter van liefdadigheid gedra nie, eerder van opvoeding. Die kursus is binne groepverband aangebied en is deur vroue uit alle vlakke van die samelewing bygewoon. Die spinkursus is dan ook teen hierdie agtergrond deur die leiers van die OB erken wat by die opening teenwoordig was en ook toesprake gelewer het, wat hierdie kursus stewig binne die raamwerk van die OB se arbeidsdiens geplaas het.

Tydens die opening van die spinkursus het die gebiedsgeneraal van die Vrystaat, genl. F. van der Merwe, die vroue se keuse van 'n spinkursus gekoppel aan die herorganisering van die OB. Hy het aangevoer dat die besluit om Suid-Afrika in gebiede op te deel, ooreenstem met "... die aard van die bedryf volgens die gewoontes van die mense in daardie gebiede, — die gebiede soos God die land gemaak het en nie soos die mense dit gemaak het nie." Sy woorde het ook verwys na die essensialisme in die die OB se unieke oerbegrip van die samelewing. Volgens Van der Merwe was

Gebied C (wat hoofsaaklik die Vrystaat en Noord-Kaap ingesluit het) se keuse om wol te spin in ooreenstemming met hoe “God die land gemaak het”, aangesien dié gebied veral op wolproduksie toegespits was. In sy verwelkoming van die vroue by die kursus het Van der Merwe hierdie mening verder verduidelik:

*Ons gaan die mense bymekaar snoer wat pas bymekaar, bv. die nywerheidsdele van die Rand en Pretoria en die mielieproduserende dele bymekaar, sodat wie se lewenswyse en belange dieselfde was, bymekaar was. Dan kry ons die gebiede waar met beeste en skape geboer word en waar wynbou die hoofrol speel, en so word die Unie dan in ses natuurlike gebiede ingedeel in plaas van vier provinsies – die kunsmatige skeidslyne.*⁵³

So het Van der Merwe die “natuurlike” arbeid van die vrou, naamlik om wol te spin, ideologies vertolk as deel van die “natuurlike” ordening van dinge.

Dieselfde uitgawe van *Die OB* waarin oor die spinkursus berig is, het die woorde van P.J. Meyer aangehaal oor hoe belangrik arbeid vir die OB was. Hy het dit só gestel: “In die middelpunt van die nuwe sosiale struktuur waarvoor die OB veg, staan die arbeidende gemeenskap met sy behoeftes, mense met siele, en nie die ruilwaarde van handelsartikels nie.”⁵⁴ Hierdie woorde is veelseggend as dit beskou word in die lig van die arbeidsdiens wat vroue binne hierdie beweging verrig het. Die uiteindelijke *produkte* wat die spinkursus sou oplewer, sou in diens van die organiese volksgemeenskap gebruik word – vir die “versorging” van huisgesinne wat klere benodig het en vir die “versorging” van geïnterneerdes deur die geld “in diens van die volk” aan te wend.⁵⁵ Wat meer is, vroue is in staat gestel om hulle kennis weer aan ander oor te dra. So verklaar generaal Meyer haar doel: “... [d]ie vroue wat hier leer spin, gaan in hulle eie afdelings spinklasse reël en binne ’n paar maande sal die hele Vrystaat se vroue hul eie wol kan spin.”⁵⁶

’n Totaal van 121 OB-vroue het uiteindelik die kursus bygewoon. In sy toespraak voor die kursusgangers het dr. Van Rensburg verwys na die spinkursus as deel van die vrou se plig in die samelewing en binne die volksbeweging: “Sy moet sorg vir die gesinslewe en die sosiale aangeleenthede van ons volk.” Hy het ’n duidelike verband gelê tussen die spinkursus en die sogenaamde “sosiale rol” van die vrou – wat verwys na die spinkursus as deel van die vrou se versorgingstaak.⁵⁷ Die kundiges wat die OB-vroue moes oplei, is deur die Huisvlytraad van die Vrystaat voorsien. Hierdie Raad het in daardie stadium reeds geruime tyd ’n spin- en weefskool in Bloemfontein

⁵³ OBA, *Die OB*, 26.05.1943.

⁵⁴ OBA, *Die OB*, 26.05.1943.

⁵⁵ OBA, Grootraadvers., B/L 1/2, omslag 12: Notule van vergadering, 28-29.09.1944, aanhangsel A: Die OB Arbeidsdiens.

⁵⁶ OBA, *Die OB*, 26.05.1943.

⁵⁷ OBA, *Die OB*, 02.06.1943.

bedryf wat kursusse vir die publiek aangebied het. Die skool se deure is ook vir die kursusgangers oopgemaak, sodat hulle nie net geleer het hoe om wol te spin nie, maar ook hoe om wol te was en te kleur.⁵⁸

In haar aanvanklike oproep het generale Meyer groot klem gelê op streng dissipline. Tydens die vergadering waar sy die voorstel vir só 'n kursus ter tafel gelê het, sowel as in die omsendbrief wat aan vrouekommando's uitgereik is, het sy verklaar: “[S]treng dissipline sal gehandhaaf word.”⁵⁹ Die rede hiervoor was dat die Huisvlytraad gewoonlik só 'n spinkursus oor veertien dae aangebied het – en die VAR van Gebied C se kursus het slegs agt dae lank geduur én boonop is tyd ingeruim om 'n “egte OB-funksie” daarvan te maak. Die “hoofinstruktrise” het verklaar dat dit slegs aan die “streng dissipline van die Beweging” te danke was.⁶⁰

Die Ossewa Brandwag haal 'n gedeelte uit P.J. Meyer se toespraak aan oor die arbeid van die Afrikaner, waarin hy bevestig dat die OB 'n nuwe struktuur wil bou “waarin elkeen gelukkig, gesond en al singende kan arbei tot die laaste asemtog toe.”⁶¹ Dit wil voorkom of die OB-vroue wat die spinkursus bygewoon het, juis hierdie ideaal van Meyer in die klein verwezenlik het. Daar is soos volg berig: “'n Baie aangename gees het onder die kursusgangers geheers en al singende het hulle die spinwiele aan die draai gehou.”⁶² Die volgende foto's gee 'n blik op hoe OB-vroue



Figuur 2: Gebied C se spinkursus as praktiese voorbeeld van volksorg
(OBA, OB-fotoversameling, foto 1252)

⁵⁸ OBA, *Die OB*, 02.06.1943.

⁵⁹ OBA, Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 6: Notule van VAR-vergadering, 12.03.1943; OBA, Vrystaatse beheerraadvers., B/L 6/2/7, omslag 7: Omsendbrief, 16.03.1943.

⁶⁰ OBA, *Die OB*, 02.06.1943.

⁶¹ OBA, *Die OB*, 26.05.1943.

⁶² OBA, *Die OB*, 02.06.1943.

in ooreenstemming met doelwitte vir volksorg geleer het om huishoudelik op hulle eie voete te staan deur met hulle eie voete te spin:



Figuur 3: OB-vroue al singende aan't spin
(OBA, OB-fotoversameling, foto 1253)



Figuur 4: Groepfoto: OB-vroue wat Gebied C se spinkursus gevolg het
(Ossewa-Brandwag Museum, Potchefstroom)

In 'n brief aan haar hoofkommandante, M. Tomlinson (van die Oranje-Vrystaat), spreek generale Meyer ná die spinkursus haar vertroue uit dat "... ons almal in ons volksbeweging as 'n eenheid ingeweeft word." Haar brief dui op haar tevredenheid met die afloop van die kursus en die genot wat sy self daaruit geput het. Haar klem op die opvoeding, genot en besieling wat die kursus opgelewer het, gee 'n blik op die ervaring van die vrou wat die spinwiele van die OB aan die rol gesit het:

*Ek hoop u vorder goed met die spinwiel, hou aan, moenie dit eers opsy sit nie. As ek voor my wiel sit kan ek nie help om te dink aan die aangename tydjie wat ons saam deurgebring het nie. Ek vertrou dat die spinkursus daartoe bygedra het om geesdrif op te wek en ons almal opnuut besiel het.*⁶³

Die impak van die spinkursus was nie net beperk tot die vrouekommando's van Gebied C nie. Kort ná die kursus het die vroue van Gebied A (Wes-Kaapland) 'n jaarlikse spinwedstryd met pryse ingestel. Die beskrywing van die soort breiwoel wat gespin moes word om 'n prys te wen, weerspieël wat die vroue *prakties* by die spinkursus geleer het:

1. £1 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad "tweed"-dikte, gespinde wol van natuurlike kleur of wit wol, geskik vir brei of hekel (gewas en gerek).
2. £1 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad "tweed"-dikte, gespinde wol van gemengde natuurlik kleure wol, geskik vir brei of hekel (gewas en gerek).
3. £2 prys vir ongeveer 1 pond beste een-draad "tweed"-dikte, gespinde wol, gekleur deur Suid-Afrikaanse kleurmiddel (gewas en gerek) [sic].⁶⁴

Die gespinde wol is in die OB-Vriendskapsentrum van Kaapstad uitgestal waar 'n kundige dit beoordeel het. In 1944 het kommandante A.S. Theron van Merweville die eerste en tweede prys opgeraap en 'n ene mev. Jooste van Putsonderwater die derde prys. Die beoordelaar was die hoof van die Vrystaatse Huisvlytskool en was van mening "dat dit die beste wol is wat die skool nog ooit ontvang het." Dit is beskryf as 'n "besonder pluimpie" vir die OB en die wol was glo van só 'n aard dat dit elke huisvrou se vingers sou laat jeuk. Saam met die artikels wat vir die spinwedstryd uitgestal is, het hoofkommandante M. Erasmus, wat haar opleiding by die spinkursus in Bloemfontein ontvang het, 'n geweeftde kombes en gordyne voorgelê wat volgens die vroue "te pragtig vir woorde" was. Generale J.S. du Toit, hoofvrou van Gebied A, het net soos generale Meyer van Gebied A "haar sterk beywer om die OB-vroue spin- en weefbewus te maak", aangesien "die gevoel van trots om jou huis met selfgemaakte

⁶³ OBA, Gebied C-vers., B/L 6/4, omslag 19: Korrespondensie: C. Meyer/M.M. Tomlinson, 23.06.1943.

⁶⁴ OBA, *Die OB*, 20.10.1943.

gordyne, vloermatte en komberse te voorsien... iets [is] wat 'n vrou nie sal mis as sy dit eenmaal ervaar het nie.”⁶⁵

Die “arbeidsdiens van die vrou” as deel van volksorg het uiteraard veel meer ingesluit as die bostaande beskrywing van die spinkursus en die spin van wol in die OB. Dit was slegs een van talle aktiwiteite wat deel was van volksorgwerksaamhede. Tog dien dit as goeie voorbeeld van die opvoedings- en voorligtingsrol van die Vroue Volksorg Vertakking. Met die skaarsste aan hulpbronne wat deur die oorlog en naoorlogse omstandighede veroorsaak is, saam met die internering van broodwinners, moes die OB-vroue in daardie tyd self die pot aan die kook hou.

Vir die OB het dit nie 'n oorgang beteken waarvolgens die vrou beroepsarbeid moes verrig nie. Dit het bloot daarop neergekom dat elke OB-vrou voortaan, met behulp van die volksbeweging, meer vindingryk as *huisvrou* moes optree. Vandaar die opvoeding van vroue in “gesondheidsorg” deur lesings van “goedgesinde dokters”, sodat vroue self siektes kon voorkom en behandel, in plaas daarvan om doktersfooie te betaal. Dit was ook die oorweging vir die verspreiding van leesstof “in verband met huishoudkunde en gesinsvoorligting” en “wenke oor huishouding op die goedkoopste manier in hierdie skaars tyd;” ook vir die uitruil van resepte en patrone. Hieruit voortspruitend is fondse ingesamel met die uitsluitlike doel om te *sorg*, deur nie net fondse te skenk nie, maar om die vrou in staat te stel om *self* en uiteindelik *op haar eie voete as huisvrou* in die gesin se behoeftes te voorsien.⁶⁶ Duidelik was dit ook die rede vir die instelling van die spinkursus as praktiese voorbeeld van die “ondernemingsgees” en “handewerk” van die vrou, en wat weer binne die OB-opset gedien het as bewys “dat die hande van O.B.-vroue vir niks verkeerd staan nie.”⁶⁷

Uit bostaande beskrywing word dit duidelik dat die spinkursus en die spin van wol prakties voldoen het aan die vereistes wat Sosiale Volksorg gestel het vir die arbeidsdiens van die vrou wat verrig is volgens die “aard van volksorgwerksaamhede.”⁶⁸ Daar was nogtans ook 'n ander faset aan die spin van wol, naamlik die blik wat dit historici gee op vroue se begrip van geslagsverskil en die konstruk van die *volksmoeder* wat op die konsep arbeid gegrond is. Ter afsluiting word 'n kort evaluerende gevolgtrekking gemaak oor die spinkursus en die spin van wol teen die agtergrond van die *volksmoeder*-diskoers.

⁶⁵ OBA, *Die OB*, 22.11.1944.

⁶⁶ Sien die gepubliseerde verslag van generale Meyer in OBA, *Die OB*, 08.08.1945.

⁶⁷ OBA, *Die OB*, 28.06.1044.

⁶⁸ OBA, Cronjé, G.-vers., B/L 2/11, omslag 3: Aanbevelings in verband met die taak van die Vrouevertakking.

Gevolgtrekking: Die spin van wol as uitdrukking van die *volksmoeder*-beeld

Die beeld van die *volksmoeder* mag nie onderskat word wanneer die aard van “vroulike” arbeid op die tafel gelê word nie. Die *volksmoeder* is ’n instelling wat vroue se optrede beperk en binne ’n aanvaarbare patroon giet.⁶⁹ In die geval van OB-ideologie sou die “aanvaarbare patroon” van vrouewerksaamhede enige aktiwiteit wees rakende die *gesin* en aktiwiteite wat ooreenstem met die *volksmoeder*-beeld wat uitdrukking is van die *Afrikanervrou* se “hoogste roeping.”⁷⁰ Wanneer die kwaliteite van die *volksmoeder*, soos geïdentifiseer deur E. Brink se navorsing, onder die vergrootglas geplaas word, is dit duidelik dat dit as riglyn vir vrouearbeid gedien het. Die “ideaal” van vrouwees is beskryf deur ’n versameling kwaliteite wat te bespeur is in al die bogenoemde fasette van arbeidsdiens en volksorg. Hierdie kwaliteite behels ’n godsdienssin, dapperheid, ’n onafhanklikheid- en vryheidsin, offervaardigheid, selfstandigheid, huismoederlikheid, woekering met talente, reinheid en die daarstel van ’n voorbeeld vir ander.⁷¹

West en Zimmerman beskou “femininity” en “masculinity” in ’n essensialistiese konteks as “prototypes of essential expression.” In die lig hiervan word die vereistes vir vrouearbeid wat die volksmoederdiskoers daargestel het, duidelik. Dit dui op die dieper essensies wat geld as die norme wat arbeid uiteindelik “vroulik” maak en so ook die vrou se invloedssfeer beperk tot haar “afgebakende gebied” in die OB.⁷² J.W. Scott identifiseer die “metaforiese moontlikhede” van konstruksie soos die *volksmoeder* waar mitiese en simboliese kwessies ’n belangrike vorm aanneem.⁷³ Van al die karaktereienskappe van die *volksmoeder* en die mitiese en simboliese kwessies wat daarmee gepaardgaan, is selfonderhoud en “huismoederlikheid” twee kwaliteite wat veral kenmerkend was van vrouearbeid in die OB.

Die idee van vrouevolksorg stem ooreen met die tradisionele en meer beperkende konstruksie van die *volksmoeder* soos uiteengesit in Willem Postma se *Die Boervrou: Moeder van haar volk*.⁷⁴ Hiervolgens is die soort arbeid wat in die amptelike OB-beleid se diskoers voorgestaan is, deur die *volksmoeder*-beeld beïnvloed. Die afleiding dat die vrou se arbeid uit haar “vroulike essensie” spruit, is geregverdig deur Postma se verduideliking van die vrou se “begaafdheid” met betrekking tot arbeid. Dit is ’n voorbeeld van die betekenis wat mense aan verskillende hêg wat hulle tussen die geslagte waarneem – soos Scott dit uitgewys het. So het Postma aangevoer:

⁶⁹ Sien in hierdie verband M. du Toit, *The domesticity of Afrikaner Nationalism*, 2003, pp. 155-176.

⁷⁰ OBA: P.J. Meyer-vers., B/L 1/4, omslag 7: *Die Ossewabrandwag Vroue-Volksorg: Memorandum*.

⁷¹ E. Brink, *Man-made women: Gender, class and the ideology of the volksmoeder*, in C. Walker *Women and gender in Southern Africa to 1945* (Cape Town, 1991), p. 280

⁷² C. West & D.H. Zimmerman, *Doing gender*, *Gender & Society* 1(2), 1987, p. 129.

⁷³ J.W. Scott, *Gender and the politics of history*, 1988, p. 42.

⁷⁴ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk* (Bloemfontein, 1918).

... [n]atuurlike aanleg en omstandighede het hier meegewerk om die Boervrou te verrijk met grote begaafdheid. Behalve in die gewone vakke van die beroep is sij handig in allerlei kunswerke en daarbij verbasend gevat. Die fijnste naaldwerke word uitgevoer deur onse meisies en vrouwens, wat maar min kans gehad het om te leer.⁷⁵

Die veronderstelling was dat die “natuurlike” vroulikheid van die Boervrou haar in staat sou stel om, sonder om te leer, ’n meester in naaldwerk te word. Die soort werk wat Postma in hierdie verband uiteensit, is opvallend. Afgesien van naaldwerk verwys hy ook na die Boervrou se vaardigheid in “boerderij, musiek en sang, in die lettere” en “[d]ie talent strek sig ook uit tot praktiese dinge. So het ons in vele huise gesien mooie en fijne houtwerk, wandversiering, papierwerk, metaalwerk, meubels en soveel meer van vrouehand gemaak.”⁷⁶ Dit is duidelik dat Postma die vrou se “begaafdheid” beskou het as tot die huishoudelike beperk: “Haar plek is thuis.”⁷⁷ Volgens Postma moes die vrou dus haar “begaafdheid” in die huishouding uitleef en vandaar ook die idee wat hy getipeer het as “huismoederlikheid.” Die Boervrou, die *volksmoeder*, was dus in wese ’n huisvrou.

Daar is genoem dat die arbeidsdiens van die vrou veral deur die bogenoemde idees oor “huismoederlikheid” gekenmerk is, wat in essensie neerkom op die arbeid van die vrou in die private sfeer van die huis. In OB-geledere het die kwaliteit van *selfstandigheid* hoofsaaklik die hoogtepunt bereik in die OB-vroue se gebruik van die *volksmoeder* as norm vir vrouearbeid – veral waar hulle die vaardigheid aangeleer het om wol te spin wat hulle selfstandigheid aanleer.

Selfstandigheid kan in die geval van die OB gekoppel word aan die idee dat die vrou op haar eie voete as huisvrou moes kon staan. Sy moes nie van kapitalistiese verbruikersgoedere afhanklik wees om oor die weg te kom nie. Die gedagte was dat die vrou self die verbruikersgoedere vervaardig wat vir die huishouding nodig was – vandaar haar selfstandigheid. So skryf Postma: “Selfstandigheid is die hoofelement van karakter en daar sit karakter in die Boervrou.”⁷⁸ Sy beskrywing van die Boervrou se selfstandigheid sou ’n groot invloed uitoefen op die soort arbeid wat ’n *volksmoeder* moes verrig. Die idee was dat die vrou deur haar arbeid vir die huishouding sorg sonder om afhanklik te wees van enigiets of iemand behalwe haar man. Postma verstaan selfstandigheid gevolglik hoofsaaklik as innerlike kwaliteit wat deur vrouearbeid ontwikkel:

⁷⁵ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, (1918), p. 103.

⁷⁶ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, 1918, p. 103.

⁷⁷ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, 1918, p. 102.

⁷⁸ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk*, 1918, pp. 95-96.

Die nie nodig om te herinner aan die gesonde trots van die Boervrou in alles wat “sij self gemaak het” en die smaad waarmee sij dié aansien, wat “die laaste ding in die winkel koop.” Haar klere, haar seep, haar lekkernije, dis alles wat sij self maak. En daar is vrouens, wat skoene maak en die klere vir die man. Ons krij Boervrouens op die plaas, wat hulle eie hoede maak en hulle huis versier met hulle eie kunswerk van allerlei aard. Dis die roem en die eer van die Boervrou om selfstandig te wees – gee haar net die kans, leer haar net die weg – en sij kom klaar, al is dit met ’n knipmes en ’n hoenderveer.⁷⁹

Postma se beskrywing plaas die rol wat selfstandigheid en huismoederlikheid in die *volksmoeder*beeld van die OB gespeel het, in perspektief. Die OB se verstaan van die vrou is ooglopend beïnvloed deur die simboliese betekenis wat gespruit het uit die destydse *volksmoeder*diskoers en uit die sosiale beperking van die vrou tot die huislike lewe. Hierdie essensies het ook as norm vir arbeid gedien deurdat die huisvrou se werksaamheid rondom die *gesin* en haar *huishouding* gesentreer het. Die benadering tot selfstandigheid was weer veral te bespeur in die praktiese werkklassie van die OB. Hierdie instellings was ’n aktiewe konstruk van eie identiteit deur die vroue self.

Binne OB-geledere het die skaarsstes wat deur die Tweede Wêreldoorlog veroorsaak is, die kwaliteit van selfstandigheid nog sterker na vore gebring. Voorts is hierdie innerlike kwaliteit nie net gekoppel aan die skaarsste van goedere wat vroue genoodsaak het om selfstandig op te tree nie. Dit is ook en veral ideologies binne die OB as deel van die genderorde geregverdig. Die *volksmoeder* het gedien as riglyn vir hoe vroue selfstandig kon optree – hulle aktiwiteit het deel uitgemaak van ’n heersende diskoers. In ooreenstemming met die OB se klem op opvoeding is verskeie omsendbriewe uitgestuur om die vrou te leer hoe om selfstandig te wees. Die opvallendste was die idee van “maak iets uit niks nie,” wat in die OB “rommelartikels” genoem is.⁸⁰ Selfstandigheid was ten nouste verbonde aan spaarsamigheid en vroue het lesings, demonstrasies en wedstryde oor besuiniging in die huishouding gehou.⁸¹ Die belangrikste punt van huismoederlikheid en selfstandigheid is dat dit deel uitgemaak het van die konstruk *volksmoeder*. Dit was gegrond op biologiese essensialisme en het uiteindelik die vroue in die OB se keuse beïnvloed om te leer wol spin.

Die spin van wol was in daardie geledere “tipies” vroulike arbeid, deurdat dit eerstens gefokus het op die *eie voorsien* van naaldwerkmateriaal vir OB-vroue en hierdie vaardigheid tweedens *selfgebruik* kon word om klere en verbruikersgoedere vir die huishouding te vervaardig. Hierdie vorm van arbeid was gegrond in die essensiële aard van die vrou, aangesien dit gekoppel kon word aan die idee “biology

⁷⁹ W. Postma, *Die Boervrou: Moeder van haar volk* (1918), pp. 95-96.

⁸⁰ OBA, Cronjé, G.-vers., B.L 2/11, omslag 3: Die maak van rommel-artikels.

⁸¹ OBA, J.A.S. de Wet-vers., B/L 1/7, omslag 5: Spaarsaamheid.

is destiny". Dit wil sê, die uitleef van die vrou se "hoogste roeping" in die OB het die versorging van haar gesin ingesluit. In die arbeidskema van die OB is "naaldwerk van enige soort" telkens as voorbeeld van vrouearbeid gebruik en as die belangrikste vorm van sodanige arbeid in die huishouding.⁸² Die spin het voldoen aan die normatiewe vereiste van huismoederlikheid en terselfdertyd ook aan die normatiewe vereiste van selfstandigheid. Teen die agtergrond van die genderorde binne daardie geledere was die spin van wol "aanvaarbare arbeid" vir die vrou en uiting van haar *volksmoeder* funksie.

Generale Meyer se keuse van die spin van wol as tema vir die vroue van Gebied C se groot werkklas en arbeidspoging wys daarop hoe sy gender as norm vir die verdeling van arbeid beskou het. Sy het arbeid gekies wat ooreenstem met die OB se amptelike beskouing van wat die vrou in essensie was. Dit toon dat vroueleiding in die OB die *volksmoeder* beeld geïnkorporeer het in hulle eie keuses van arbeid. Daarby het hulle die beeld aangeneem en op 'n eie manier uitgeleef. Die spin van wol was die OB-vroue se vertolking van die soort arbeid wat sou ooreenstem met die kwaliteite van 'n *volksmoeder* van wie huismoederlikheid en selfstandigheid die meeste uitstaan. Nie net die *volksmoeder* nie, maar die spin van wol as sodanig het op dié manier 'n kultureel-beskikbare simbool geword van *vrouearbeid* wat binne die diskoers geval het van die "ideaal van vrouwees." Dit dui daarop dat vroue self die diskoers van die *volksmoeder* gebruik het. Hulle inset was om nie net die tradisionele grense van hierdie beeld te oorskry deur hulle byvoorbeeld teen die Tweede Wêreldoorlog te verset nie, maar om ook *binne* die meer tradisionele grense van die genderorde hulle rol van moederskap self te skep en aanvaar. So het die dinamika van vroue se gebruik van die *volksmoeder* in die OB duidelik geword. In die woorde van L. Vincent: "Afrikaner women employed an ideological device which served to reinforce the notion that women possessed certain natural predispositions which could legitimately circumscribe their social capacity in a variety of ways."⁸³ Dit geld by uitstek ook vir die vrouearbeid in die OB.

⁸² OBA, *Die OB*, 10.12.1941.

⁸³ L. Vincent, The power behind the scenes: The Afrikaner nationalist women's parties, 1915-1931, *South African Historical Journal* 134 (40), p. 73.